

# SALIGE CYPRIAN MICHAEL IWENE TANSI

## 20 JANUARIE

(1903-1964)

Hy is in Nigerië gebore waar hy deur priesters van die Kongregasie van die Sendelinge van Afrika groot gemaak is. Hy word as onderwyser en kategeet opgelei. Later gaan hy seminarie toe en in 1937 word hy priester gewy. In 1950 verlaat hy sy bisdom en sluit aan by die Cisterciënser-abdy van Mount St. Bernhard in Engeland. Dit word sy lewensroeping om die kontemplatiewe kloosterlewe na Afrika te bring. Hy kry opdrag om 'n Trappisteklooster in die bisdom Onitsha in Nigerië te stig. Sy lewe is gekenmerk deur diep geloof en groot nederigheid. Hy was 'n vreugdevolle gebedsmens wat die antieke en deurleefde kloosterlewe van gebed en werk in sy vaderland, Nigerië, laat wortelskiet het

© Die Oratorium Uitgewery